

16 Desember

1 Timoteus 6:3-21

Godsaligheid en vergenoegdheid

In teenstelling met die dwaalleraars van daardie tyd wat ryk wou word uit die beoefening van godsdiens omdat hulle gedink het die afgode gee rykdom, voorspoed en oorwinning, kom Paulus en keer die orde om. Hy leer: Dien God met jou hele hart en bid dat God uit sy groot genade aan jou 'n ander rykdom sal gee, 'n geestelike rykdom, die nuwe lewe in Jesus Christus. Wie God dien, durf geen voorwaardes stel nie.

As ons elke dag lewe met God in die middelpunt van alles, dan is godsaligheid 'n wins, 'n hemelse wins. Wie God so dien, het 'n skat in die hemel waar mot en roes nie kan kom nie. Dan besit jy 'n rykdom wat nie deur die kosbaarste goud in waarde oortref kan word nie.

Maar nou sê Paulus: "Godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins" (vers 6). Vergenoegdheid beteken: Om geen gebrek aan enigiets te hê nie. Hulle wat hulle saligheid in God vind, is vergenoegde mense, hulle het geen gebrek nie. Hulle besit die grootste rykdom wat daar is. Wie is meer vergenoegd as 'n klein kindjie? Hy wil nie 'n ander pa of ma hê nie, want hulle is die heel beste op aarde. Ons eie volksgeskiedenis spel onder andere moeilike en donker tye uit. Geloftedag (Versoeningsdag) verwys na so 'n geleentheid. Iets van hierdie kombinasie tussen godsaligheid en vergenoegdheid het ons daar aangetref: Hulle verankerheid aan God het aan hulle alles gegee wat nodig was, naamlik 'n stille Godsvertroue. God sal in sy groot genade ten beste beskik.

Paulus self het dit ervaar in sy donkerste uur tydens sy sendingwerk. U het dit al ervaar in u eie lewe. Wat het dit nie alles vir u beteken om met 'n ware geloof in God ingeplant te wees nie, sodat u vergenoegd kan wees met die omstandighede waarin u is.

Waarlik, godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins! Dit is onoortrefbaar!

Sing: Psalm 84:2

Ds. P.J. van der Walt (Bethlehem)